Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

Laerskool Louis Leipoldt
1948 - 2018

GR R-3

11 Februarie 2021

Geagte Ouer

So staar ons die begin van 'n nuwe skooljaar in die gesig en weet dat groot opgewondenheid gepaardgaan met onsekerheid. Ons hoop die volgende inligting sal alle onsekerhede en skoenlappers finaal hokslaan. Ons bestuurspan werk al die afgelope drie weke onverpoosd voort om alles moontlik in plek te stel sodat al ons leerders gelyk kan terugkeer skooltoe. Die personeel is ook al twee weke hard aan die beplan om ons akademie so seepglad as moontlik te laat verloop.

NUWE KWARTAALDATUMS

Kwartaal 1	15 Februarie – 23 April
Kwartaal 2	3 Mei – 9 Julie
Kwartaal 3	26 Julie – 1 Oktober
Kwartaal 4	11 Oktober - 15 Desember

SKOOLTYE

Vergewis u deeglik by watter hek u kind soggens inkom en waar hy/sy in die middag afgehaal moet word. Daar is geen wagklasse nie en u moet asb by hierdie tye hou.

GRAAD	HEK (Inkom)	INKOMTYD	HEK (Uitgang)	UITKOMTYD
R	Hek by Gr R (hek 5)	06:45 - 07:30	Hek by Gr R (hek 5)	13:00
1	Klein hekkie by Gr 1	06:45 - 07:30	Klein hekkie by Gr 1	13:00
2	Skuifhek by Gr 1	06:45 - 07:30	X- en Y-klasse gaan uit by Gr 1 klein hekkie. V, W en Z- klasse gaan uit by Gr 1 skuifhek.	13:20
3	Hek 3 (Pretoriuslaan) (Hek naaste aan Langebrinkstraat)	06:45 - 07:30	V en W-klasse gaan by hek 3 (Pretroiuslaan) uit ; X, Y en Z-klasse gaan by Gr 1 skuifhek in Langebrinkstraat uit.	13:30
4	Rugbyveld (Parkstraat)	06:45 - 07:30	Gr R hek	13:30
5	Rugbyveld (Parkstraat)	06:45 - 07:30	Gr R hek	13:30
6	Rugbyveld (Parkstraat)	06:45 - 07:30	Rugbyveld (Parkstraat)	13:40
7	Hoofhek Pretoriuslaan	06:45 - 07:30	Rugbyveld (Parkstraat)	13:40
Naskool	-	-	Afgemerkte area op netbalveld per naskool	vanaf 13:00

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za

Die leerders word by die onderskeie hekke gesaniteer en hulle reeds voltooide Covid-19 briefie word gekontroleer. Daarvandaan gaan die leerders na hulle onderskeie registerklasse waar die briefies ingeneem word en hulle temperatuur gemeet word. Indien hulle temperatuur na 'n wagperiode van 10 minute steeds bo 37,5 grade is, sal u telefonies gekontak word om u kind te kom haal. Indien u kind onseker is waar sy/haar klas is, sal 'n leier of student hulle na hulle klasse vergesel. Indien u nog onseker is, kan u na die videos op facebook gaan kyk.

WASGOEDPENNETJIE
Elke leerder moet asb elke dag 'n gemerkte wasgoedpennetjie saambring skooltoe wat hy/sy gebruik wanneer hulle badkamer toe gaan. Sodoende is daar deeglike kontrole oor toegang tot die badkamers.

SNOEPIE
Die snoepie sal vanaf 22 Februarie oop wees. Spesifieke snoepie dae word aan die Gr 1-3 klasse toegeken om getalle in die rye te beperk. GR R maak nie van die skool se snoepie gebruik nie. Hulle het hulle eie reëlings soos deurgegee aan die ouers.

GR 1-3 SNOEPIEDAE

Graad 1	Graad 2	Graad 3
1U en 1V - Dinsdae	2V en 2W - Maandae	3V - Maandae
1W en 1X - Woensdae	2X - Dinsdae	3W en 3X - Dinsdae
1Y en 1 Z - Donderdae	2Y - Woensdae	3Y - Woensdae
	2Z - Donderdae	3Z - Donderdae

PARTYTJIES
Daar gaan nog steeds geen partytjies vir ons leerders of juffrou/meneer met verjaarsdae toegelaat kan word nie. Leerders trek wel gewone klere aan as hul verjaar.

SPORT- EN RUGSAKKE / SKOOLTASSE
'n Bestelvorm vir bogenoemde is op D6. Ons het nog 'n paar skooltasse in voorraad, u kan 'n epos stuur aan ontvangs@louisleipoldt.co.za indien u 'n tas wil koop voor die skool begin.

VERANDERDE INLIGTING
Ons doen 'n ernstige beroep op u om asb alle veranderde inligting, wat u eposadres, selfoonnommer en straatadres insluit, vir ons te epos na ontvangs@louisleipoldt.co.za. Dit is baie belangrik dat u inligting opgedateer bly, anders gaan u geen kommunikasie vanaf die skool ontvang nie. D6 bly ons amptelike daaglikse kommunikasiekanaal. Belangrike kwartaallikse inligting sal ook op die webtuiste geplaas word. Hou Louis Leipoldt gerus dop op facebook! Indien u sukkel om D6 af te laai, stuur 'n epos na admin@louisleipoldt.co.za.

SPORT & KULTUUR
Onderhewig aan toestemming vanaf die departement, gaan ons skool se sport- en kultuuraktiwiteite op 'n diskrete wyse voort.

AFSPRAAK
Geen persoon mag op die skoolterrein sonder 'n afspraak toegelaat word nie. Stuur asb 'n epos indien u 'n saak onder ons aandag wil bring.

Ons gebed is dat u 'n rustigheid en kalmte in hierdie tyd sal ervaar. Hê vertroue in ons skool en weet dat ons alles in ons vermoë sal doen om net die beste vir ons leerders te gee.

Vriendelike groete

A Jordaan
Adjunkhoof

PH Ferreira
Hoof